

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 27 Jun 2018
Page: 12

AVE: 23124.35
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Tukkies se visier op USSA-toernooi

**Morris Gilbert**

Die voorloper in sowel die Superliga as die Carltonbeker-reeks het van Maandag af 'n nuwe prys in die visier wanneer die jaarlikse USSA-toernooi by Wits in Johannesburg begin.

UP-Tuks sal vir seker wil verbeter op sy treurige vertoning in 2017 toe hy voorlaaste geëindig het nadat hy die vorige jaar in Oos-Londen nog met Maties in die eindstryd afgereken het.

Die sewende plek by die 2017-toernooi het tot gevolg dat UP-Tuks Maandag met die intrapslag met die tweede gekeurde Pukke (NWU) swaarde kruis. NWU het verlede jaar teen Maties in die eindstryd verloor en was vroeër dié seisoen ook die naaswenner in die Varsitybeker-reeks toe hy in Stellenbosch teen die tuisspan in die eindstryd verloor het.

Maties is eerste gekeur en stoot soos verlede jaar weer 'n sterk span in die veld wat Maandag maklik en ver teen die Sentrale Universiteit vir Tegnologie behoort te wen. Die Ixias was verlede jaar agtste.

By Nico Luus, UP-Tuks se hoofafrigter, is daar geen illusies oor die groot uitdaging wat teen die Pukke wag nie. Die Noordwesters het die voordeel dat hulle met dieselfde span meeding wat ook in die Pirates Groot Uitdaagliga USSA-toernooi deelneem. Die spelers ken mekaar en het die groot voordeel van momentum en deurlopendheid.

Daarenteen het UP-Tuks maar onlangs met die span begin oefen wat teen die Pukke speel en gaan dit raakvat kos om betyds genoeg al die nodige skaafwerk te doen. Hierin was daar egter baie bemoedigende tekens vir Luus nadat sy span verlede Vrydagaand met 84-14 teen TUT in 'n Carltonbeker 1B-wedstryd klaargespeel het.

"Ek was aangenaam beïndruk met ons aanvals- en afrondingsvaardighede, maar 'n belangrike aspek soos ons skrumwerk was nie op peil nie. Ons sal vandeesweek hard aan die verbetering van ons vaste fasette werk," meen Luus.

Hy glo die 'nuwe' spelers in die UP-Tuks eerstespan sal beslis baat by die kultuur van wenrugby wat in die Superliga gevestig is. UP-Tuks het reeds elf agtereenvolgende seges behaal en is die enigste onoorwonne span.

■ Op sy tuisveld het Naka Bulle die tweede keer dié seisoen die knie voor Impala gebuig. Die herontmoeting in die tweede ronde van die Superliga het nie die drieëfees van die ooreenstemmende wedstryd in die eerste ronde opgelewer nie, maar Impala se oorwinning met 25-10 was welverdiend– al was dit bloot omdat hulle meer afgeronde rugby gespeel het. Naka het gesukkel om in rat te kom omdat hy te veel ongedwonge foute gemaak het. Dit was 'n lustelose vertoning deur die Mooters.

Die tweede tweekuns van die naweek was in Groenkloof waar Centurion oortuigend teen Quins-Bobbies gewen het (45-27). As die wisselvalligheid nie Centurion se grootste tekortkoming was nie, kon hy in 'n veel beter posisie op die puntelys gewees het. Centurion sal ná dié sege uitsien na sy laaste wedstryd in die Superliga wat op 14 Julie teen UP-Tuks is.

■ Intussen gaan die Blou Bulle Rugbyunie probeer om die jaarlikse provinsiale plattelandse toernooi te laat herleef met 'n kompetisie wat in September by die Tuine-rugbyklub plaasvind en waaraan die Bulle, Luiperds, Limpopo en KwaZulu-Natal sal deelneem.



**Naka Bulle het weer op hul tuisveld teen Impala vasgeval. Impala se oorwinning was welverdiend teen 'n span wat gesukkel het om behoorlik in rat te kom.**
Foto: JOHANNA DE VOS

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.